education

Lefapha la Thuto la Bokone Bophirima
Noord-Wes Departement van Onderwys
North West Department of Education
NORTH WEST PROVINCE

PROVINSIALE ASSESSERING

GRAAD 10

GESKIEDENIS

NOVEMBER 2019

ADDENDUM

Hierdie addendum bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

VRAAG 1: WAT SE TRANSFORMASIES HET NA 1750 IN SUIDER-AFRIKA PLAASGEVIND WAT TOT DIE UITBREIDING VAN SUIDER TSWANA-HOOFMANSKAPPE GELEI HET?

BRON 1A

Die bron hieronder verduidelik die oorsprong en lewensstyl van die Tswana-sprekende mense gedurende die 1750 tot 1820 tydperk.

Die suid-Tswana was die voorouers van die Setswana-sprekende mense wat in groot nedersettings in die Bosveldstreek van Suider-Afrika, aan die wes-grens van die Hoëveld gewoon het. Hulle het sedert die einde van die 18de eeu suksesvol met sorghum, giers en beeste geboer.

Namate die bevolking in die Tswananedersettings toegeneem het, het druk op die omgewing ook toegeneem. Tswana-boere wou nie hul houthulpbronne oorbenut nie, omdat hulle van hout afhanklik was om huise te dek, om vuur te maak vir kook, vir pottebakkery en om yster te smelt. Gevolglik het Tswana-boere beestekrale en opstalgrense met droë klipmure, inplaas van hout, begin bou. Die gebruik van klip was omgewingssinvol aangesien dit die hout bewaar het.

Die gebruik van klip, deur die Tswana-mense, om grense te maak is vandag vir argeoloë nuttig. Dit maak hierdie nedersettings maklik om te vind. Klipmure wys duidelik op lugfoto's.

[Aangepas uit *Grade 10 Focus Text book,* p135]

BRON 1B

Die onderstaande bron fokus op die handelsverhoudinge van die Tswana-volk en die faktore wat tot die uitbreiding van die Tswana's, gedurende die 1800's, bydra.

. . . Nog 'n teorie is dat daar 'n toename in handel met ander streke was. Ons weet dit uit geskrewe rekords en argeologiese bewyse. By Tswana-gebiede het argeoloë koeierskulp en krale gevind, wat van Moslem en Portugese handelaars, aan die Indiese Oseaan kus gekom het. Die Tswana's het ook vuurwapens en perde van die Kaapkolonie in die suide gekry, wat hulle van die Khoi-handelaars gekoop het.

Hulle het ook handelskakels met die Portugese, aan die weskus in Angola, gehad. In ruil vir die goedere wat hulle gekoop het, het die Tswana-gebiede ivoor, koper en dierevelle voorsien. Sommig hoofmanne het baie ryk geword as gevolg van hul beheer oor die handelsroetes. Dit het beteken dat hulle hoofmanskappe begin groter word het namate meer mense by hul aangesluit het.

[Aangepas uit *In Search of History Textbook, Grade 10,* p107]

BRON 1C

Die foto hieronder beeld Dithakong (‘n Tswana-nedersetting) in 1812 uit. Die reisiger, WJ Burchell, beskryf ‘ *‘n menigte huise wat strek sover die oog kon sien, alles op ‘n netjiese wyse gebou’*. Die nedersetting was ook ‘n sentrum van aktiwiteite, soos ‘n mark.



[Aangepas uit *Viva, Graad 10, Handboek*, p. 180]

BRON 1D

Die bron hieronder verduidelik sommige van die faktore wat tot die uitbreiding van die Tswana-mense vanaf die 1750's tot die 1820's bygedra het.

Tswana-nedersettings was op belangrike handelsroetes tussen Angola in die weste, Mosambiek in die ooste en suidwaarts na die Kaap geleë. Die handel was meestal in krale, dierevelle (karosse), koper, yster en beeste. Daar was toenemende vraag na handelsgoedere teen die einde van die 18de eeu. Handelaars van Delagoabaai (Mosambiek) wou ivoor hê en Tswana-Hoofmanne wou luukse, ingevoerde goedere soos glas en porseleinkrale hê. Hoofmanne het meegeding om olifante te jag en die handelsroetes te beheer.

'n Droogte wat in 1800 begin het, het die hoeveelheid landbougrond en weiding vir beeste verminder. Dit het tot mededinging vir skaars hulpbronne gelei. Mededinging vir handel en konflik oor hulpbronne het daartoe gelei dat Hoofmanne alliansies met mekaar verbind vir beskerming. Groot nedersettings soos Dithakong en Molokwane is gestig, en het 10 000 of meer mense gehuisves.

[Aangepas uit *New Generation, Graad 10*, *Handboek* p. 120]

VRAAG 2: HOE HET DIE WET OP GROND VAN 1913 DIE GRONDONTEIENING ONDER SWART SUID-AFRIKANERS VERSKERP

BRON 2A

Die uittreksel hieronder verduidelik die ekonomiese en sosiale impak van die Wet op Naturelle Grondbesit van 1913, in Suid-Afrika.

Baie blanke grondeienaars was ongelukkig oor swart mededinging vir grond, en het die regering, aan die begin van die 20ste eeu versoek om swart grondbesit in Suid-Afrika te beperk. Grootliks as gevolg van die druk van die polities magtige blanke boere, het die regering die Wet op Naturelle Grondbesit 1913 bekragtig. Om te verhoed dat swartboere met die blanke boere om grond meeding, het die Wet minder as 7.5% grond as reserwes opsy gesit waar die swart mense grond kon koop . . .

Duisende swart-deelboere en kontanthuurders is van hul grond af gesit en is gedwing om swak betaalde plaasarbeiders en arbeidshuurders te word. Sommige swart mense was nie bewus dat daar 'n verandering in die arbeidswet was nie. Hierdie mense het, met hul gesinne en vee, oor die land rondgetrek, opsoek na ander woonplek. Hulle is uiteindelik gedwing om na oorvol reserwes te trek; gedwing om hul vee dood te maak of aan blanke boere te verkoop. Die Wet het die moontlikheid dat swartboere, kommersiële boere word, beëindig. Die 1913 Wet op Naturelle Grondbesit het ellende en armoede onder die swarte Suid-Afrikaners gebring.

[Uit *Foundations of the New South Africa* deur J Pampallis]

BRON 2B

Hierdie is 'n uittreksel, deur Feinberg, wat die negatiewe impak van die 1913 Wet op Naturelle Grondbesit op swart Suid-Afrikaners geopenbaar het.

Feinberg onthul dat swart Suid-Afrikaners tot sewe persent van die Suid-Afrikaanse grond, wat in hulle besit was voordat die Wet op Naturelle Grondbesit 1913, bekragtig is, beperk is. Geleenthede om grond te koop was erg beperk vir swart Suid-Afrikaners. As gevolg van die Wet op Naturelle Grondbesit is hul ekonomiese stabiliteit en welsyn erg ontwrig. Verder wys Feinberg daarop dat Afrikane, as gevolg van die Wet, nie meer grond buite die reswerwes by wit eienaars kon huur of verhuur vir ekonomiese ontwikkeling nie. Dit het armoede onder die swart Suid-Afrikaners verskerp.

Die Wet op Naturelle Grondbesit het ook deelboerdery verhoed. Voor die Wet kon beide blankes en swartes hul wins van landbou-aktiwiteite deel, wat gehelp het om Afrika-gemeenskappe op te hef. Nietemin, met die beëindiging van winsverdeling het die swartmense hul inkomste verloor. Dit het tot die armoedekoers bygedra, en manlike Afrikane is gedwing om hul tuistes te verlaat om in Suid-Afrikaanse myne te gaan werk. Dit was die begin van die trekarbeidstelsel wat baie Afrikane se lewens en stabilitiet ontwrig het. Voor hierdie Wet, was swart Suid-Afrikaners selfstandig en selfversorgend omdat hulle grond besit het. Volgens Feinberg het ‘die 1913, Wet op Naturelle Grondbesit die sosio-ekonomiese onreg van Apartheid in Suid-Afrika weerspieël.’

[Uit *Department of Biblical and Ancestral Studies* deur L Modise & N Mtshiselwa]

BRON 2C

Hierdie bron het betrekking op die pyn en lot van Kgobadi-familielede wat in 1913 van ‘n Oranje-Vrystaat plaas afgesit is.

Mev. Kgobadi het 'n siek baba gedra toe die uitsetting plaasvind, en sy moes haar liefling van die huis na die stampende ossewa dra waarmee hulle die plaas verlaat het. Twee dae later het die kleintjie baie siek geword as gevolg van blootstellling en ontbering op die pad en gedurende die nag voor ons hulle ontmoet het, is sy siel van sy aardse bande verlos (hy is dood). Die dood van die kind het 'n vars radeloosheid (*verwarring*) vir die geteisterde ouers gebring. Hulle het geen titelreg op die land, waardeer hulle getrek het, gehad nie: hulle moes op die openbare paaie hou - die enigste plekke wat vir die verdryfdes toelaatbaar was mits hulle in besit van ‘n reispermit was. Die oorlede kind moes begrawe word, maar waar, wanneer en hoe?

Hierdie jong swerwinde familie het besluit om onder die dekmantel van die duisternis van die nag 'n graf te grawe, wanneer niemand ‘gekyk’ het nie, en in daardie ru wyse is die dooie kind begrawe te midde van vrees en bewing, met die hoop dat die eienaar van die plek, of enige van sy dienaars, hulle nie sou uitvang nie. Selfs misdadigers van die galg het 'n onbetwiste aanspraak op ses voet grond gehad waarop hulle hulle kriminele oorblyfsels tot rus kon lê, maar onder die wrede werking van die Naturelle Grondbesit Wet is kindertjies, wie se enigste misdaad was, dat God nie hulle wit gemaak het, hierdie reg ontken.

[Uit *New Generation, Graad 10*, *Handboek*]

BRON 2D

Hierdie bron is 'n spotprent deur Zapiro wat uit die Sowetan-koerant, wat in Junie 2013 gepubliseer is, geneem is. Dit wys die grondkwessie in Suid-Afrika na die aanvang van demokrasie.

WET OP GRONDBESIT

HERROEP 1994

Kopiereg voorbehou

ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

1. Anon. 2011. *New Generations Learner Book Grade 10*. New Generations Publishing

2. Cameron T. (ed) 1986. *The New Illustrated History of South Africa*. Johannesburg. Jonathan Ball.

3. Du Toit F. Ed. 2004. *Turning Points in History*, *Book 4, Industrialisation, Rura Change and Nationalism* (STE Publishers PTY) Ltd

4. Johanneson B. et al. 2011. *Focus Learner Book Grade 10*. Maskew Miller Longman (PTY) Ltd

5. Johanneson B & Sached Authors. 1995. *The Land The Basotho Lost*. Maskew Miller Longman (PTY) Ltd

6. Plaatjie ST. 1998. Native Life in South Africa (Gutenberg)

7. *Reader's Digest Illustrated History of South Africa*. 1995. (Readers Digest, Cape Town)

8. Rossouw T. 2011. *Viva History Learner Book Grade 10*. Vivlia Education for the Nation Publishers & Booksellers (PTY) Ltd

Kopiereg voorbehou